> *'Diere is betroubaar, baie is vol liefde, getrou in hul liefdesbetuigings, hul optrede is voorspelbaar, hulle is dankbaar en lojaal. Dis moeilike standaarde vir mense om na te streef'*
>
> *- Alfred A. Montapert*

my DIER

Die lewe sal sommer baie valer wees sonder ons vierbeenvriende

Deur ILSE SALZWEDEL
IlseSW@mweb.co.za

Diere help kinders lees

Diereliefhebbers weet watter fantastiese terapeute diere is. In Suid-Afrika is daar talle terapiehonde wat by hospitale, ouetehuise en skole gebruik word. 'n Program wat my as boekliefhebber en diereliefhebber na aan die hart lê, is die Lees- Ukufunda-READ-projek waar geregistreerde terapiehonde ingespan word om kinders se leesvaardighede te verbeter. Die program bestaan al sedert 1999 in die VSA. Hoekom werk dit? Dr. Marieanna le Roux van die Universiteit van Stellenbosch, wat haar proefskrif hieroor gedoen het, sê die kinders lees vir die hond en nie vir die hanteerder nie. Die hanteerder (vrywilligers wat deur READ VSA opgelei is) antwoord dan namens die hond. Die kind vra ook vir die hond vrae oor moeilike woorde wat die hanteerder dan namens die hond antwoord. Omdat die hond die kind aanvaar soos hy is en nie raas of oorkrities is nie, kry die stamelende lesertjies baie vinniger selfvertroue. **Vir meer inligting oor die projek, wat in Suid-Afrika bedryf word onder die vaandel van Pets as Therapy South Africa (PAT), 'n nie-winsgewende organisasie, stuur 'n e-pos na info@pat.org.za.**

WEN DIE OORLOG TEEN VLOOIE EN BOSLUISE!

Moenie dink die winter het nou van jou troeteldier se vlooie ontslae geraak nie. Inteendeel! In die koue wintermaande was jou warm, snoesige huis die perfekte broeiplek vir vlooilarwes, wat in die warmer weer verander in 'n springende pes wat op jou diere en huismense toeslaan. Keer die plaag en behandel jou diere so vroeg moontlik, in die lente reeds, met FRONTLINE®. Dit beskerm hulle boonop teen bosluise. **Gou spring, want Merial, die vervaardigers van FRONTLINE®, gee jou tussen 1 en 14 September vanjaar 20% afslag. Kry jou afslagkoepon by www.rooirose.co.za**

GOEIE NUUS

TROETELDIERE HELP JOU LANGER LEEF!

'n Studie aan die Minnesota Stroke-instituut het vier duisend kateienaars se mediese vordering oor tien jaar dopgehou en bevind dat katte jou kans om van 'n hartsiekte te sterf ingrypend verminder. Mense wat katte besit se kanse om 'n hartaanval te kry was 30% laer as dié van ander mense. (Die studie het nie resultate vir honde-eienaars bekend gemaak nie omdat dit nie hul fokus was nie, maar meen die uitslag behoort min of meer dieselfde te wees.)
Hoe kan ons gesondheid by troeteldiere baat vind? Navorsing bewys dit hou jou bloeddruk en cholesterolvlakke laer, en hulle help ons om stres beter te hanteer. Ouer mense wat troeteldiere besit, is ook baie aktiewer as hul eweknieë. Deur met jou hond te gaan stap, kry jou parasimpatiese senuweestelsel 'n hupstoot, wat jou kalmer en meer ontspanne maak.

BESTE WENK

Help jou dier gesond gewig verloor

Soek jy inspirasie om jou oorgewig troeteldier te laat gewig verloor? Gaan kyk na Hill's se toptien-diereverslankers van 2014 by www.petslimmer.co.za. Stem tussen 1 en 22 Oktober vir die hond of kat wat jy dink die titel van topverslanker verdien. Die topvyf-finaliste se eienaars wen elkeen R5 000. Maar hulle is nie die enigste wenners nie. Enige dier wat gehelp word om sy doelgewig te bereik, kan tot twee lewensjare "wen". Uit studies het dit geblyk dat oorgewig diere 'n hoër risiko het vir diabetes, komplikasies tydens chirurgie en gewrig-, mobiliteit- en asemhalingsprobleme. • **By www.petslimmer.co.za is daar hulp om te bepaal of jou troeteldier oorgewig is, asook inligting oor die meer as 350 klinieke wat die Hill's-troeteldierverslankingsprogram aanbied.**